

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



DESEMBER
2013



AFTER, van links: Louw Steytler (voorsitter: Graan SA), Brienne van der Walt (Absa), Maurice Boki, Janne de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) en Ian Househam (provinciale koördineerder: Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere, Oos-Kaap). Voor sit Jane McPherson (programbestuurder: Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere) en Landi Kruger (data-administreer en ekonoem: Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere).

Graan SA se 2013 oes van boere

Die Graan SA/Absa Ontwikkelende Graanproduusent van die Jaar toekenning is toegeken aan Maurice Mthandeki Boki van Matatiele op 11 Oktober 2013 in Midrand, Gauteng. Met Maurice se kroning nog vars in die geheue, het hierdie dag van feesviering die kollig ook geplaas op die ander presteerders in die Ontwikkelingsprogram vir Boere.

Donderdag, 17 Oktober 2013, was Graan SA gasheer vir 'n Dag van Feesviering, waar erkenning gegee is aan opkomende boere vir hul bydrae tot die land se voedselsekuriteit. Die funksie is hierdie jaar gehou by Amanzi Game Lodge aan die buitewyke van Brandfort in die Vrystaat. Meer as 200 gaste, wat ongeveer 120 opkomende boere ingesluit het, het die vieringe bygewoon.

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende produsente

Lees Binne:

06 | Wat is die Wintergraantrust?

08 | Bestuursfaktore vir koring
om te oorweeg in Desember

12 | Wanneer die oes
in die silo is...



04



Graan SA se 2013 oes van boere



OU MA JANE SÊ...

Hierdie is 'n wonderlike tyd van die jaar – die meeste families kan kwaliteit tyd saam deurbring en die tyd van vrede en rus geniet.

Vir die meeste boere kan hierdie 'n besige tyd wees, omdat onkruid nie omgee om "vakansie" te hou nie en voordeel geniet om te groei terwyl die boer rus! Wees asseblief waaksaam op jou lande gedurende hierdie tyd en maak seker dat jou onkruidbeheer goed is. Onkruid bly die nommer een vyand van die gewas boer!

Ons vertrou dat jy al die mielies kon plant wat jy beplan het en ook sommige van jou sonneblom. Ons moet onthou dat laat aanplantings 'n negatiewe effek op opbrengs het – plante vereis hitte om te groei en graan te produseer; Wanneer jy laat plant, sal die dae begin korter word aan die einde van die somer en jy sal teleurgesteld wees met jou oes.

Ongelukkig het ons vennootskap met die regering ons in die steek gelaat hierdie jaar. Senior mense in die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het ons meegelede dat hulle boere op 60 000 ha hierdie jaar sou befonds. Ons as Graan SA het al die besigheidsplanne voorberei en ingehandig aan die DRDLR gedurende Julie 2013 en niks het gekom van daardie groot poging nie. Dit was 'n verlies aan 'n groot geleenthed – 466 boere kon gewasse geplant het op meer as 60 000 ha. Dit kon 'n groot verskil gemaak het aan baie mense se lewens in die platteland.

Ons by Graan SA wens julle almal 'n Geseënde Kersfees toe en ons hoop 2014 skenk julle baie vreugde. Mag God sy seën oor julle uitstort. ☺

Tydens die funksie is lidmaatskap tot die 250 Ton Klub toegeken aan 'n aantal boere, of bevorder tot 'n hoër vlak, terwyl ander gegradueer het vanaf die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Hierdie program verseker dat boere toegerus word met die nodige inligting en vaardighede om 'n bydrae tot voedselsekerheid in die land te lewer.

In haar toespraak het Jane McPherson (Programbestuurder: Boere Ontwikkeling, Graan SA) verduidelik dat die 250 Ton Klub begin is om erkenning te gee aan die vordering van opkomende boere. "Om 'n boer te word, is 'n stadige en moeisame proses en deur middel van hierdie klub is dit opwindend om die vordering te sien wat op hierdie gebied gemaak word," het sy gesê. Sy het bygevoeg dat dit boere hoop gee as hulle ander boere sien groei na beter kategorieë. Die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling en ander

partye is ook erkenning gegee vir hul volgehoue samewerking en ondersteuning om die programlewendig te hou. "Ons vier wat julle moontlik gemaak het," het sy afgesluit.

Ander sprekers het ingesluit, Louw Steytler, (Voorsitter van Graan SA), Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder; Graan SA), Karabo Pele (Voorsitter van die Mielietrust) en Victor Mahlinza, 'n boer van KwaZulu-Natal, wat die boere aangemoedig deur sy storie te deel en 'n kleurvolle broek gedra het wat die reënboognasie simboliseer. "Moenie moed opgee nie. Hou net aan," het hy gesê.

Visevoorsitter van Graan SA, Victor Mongaoto, wat opgetree het as die programleier, het 'n Sotho legende met gaste gedeel. Volgens die legende is 'n houtlepel onder inwoners van 'n gemeenskap in 'n tyd van droogte aangegee om die feit dat almal kos sal hé om te eet, te simboliseer. Landi Kruger (Data Administrateur en ekonomiese van Graan SA) begin met die "aangee van die lepel" en gaste val entoesiasties in.

Bydraers wat 'n sertifikaat vir hul volgehoue ondersteuning en bydrae ontvang het, was Pannar, Profert, Sasol Nitro, die Departement van Landbou, Mpumalanga, die Departement van Landbou in die Oos-Kaap en mnr Dirk van Rensburg.

Die volgende kategoriewenners vir die Boer van die Jaar-kompetisie is aangekondig:

- Kleinboer van die Jaar (vanaf 10 hektaar tot 250 ton geproduseer); Victor Mahlinza; en
- Bestaansboer van die Jaar (boere wat minder as 10 hektaar produseer); TO Mduli. Sy het nie net 'n voorraad kunsmis van Profert ontvang nie, maar Husqvarna het ook 'n T536 implement aan die wenner van hierdie kategorie geskenk.

Gift Mafuleka het verskuif van die 500 Ton Klub na die platinum kategorie vir boere wat ten minste 1 500 ton mielies per jaar produseer. Drie nuwe lede is by die goudvlak vir boere wat meer as 1 000 ton produseer, bygevoeg: ZP Motshwene, Fanie Nkosi en Tikwe Boerdery (Hoopstad). Solomon Masango Farming Enterprises, Keith Middleton, Maurice Boki (Graan SA se Ontwikkelende Boer van die Jaar) en Khaya Nkuhlu het die silwervlek vir boere wat meer as 500 ton produseer, bereik. Die 250 Ton Klub se bronsafdeling het sertifikate en medaljes toegeken aan nege nuwe lede: Iyay'phandela boerdery, Musi Twala Mpumalanga, Victor Mahlinza, David Mongaoto, Victor Mongaoto (Vise-voorsitter van Graan SA), Thabang Tshepestraat, Lebohang Khitleli, Joel Ralekhethla en Frans Mokoena. ☺



Jane McPherson



Jannie de Villiers



Artikel verskaf deur Louise Kunz,
Pula/Imvula medewerker.



250 TON: Die nuwe lede van die 250 Ton klub: Sittende van links is Joel Ralekhetla (Welkom), Lebohang Khiteli (Matatiele) en Mncedisi Dlamini (Iyay'phandela Boerdery, Delmas). Staande: Victor Mahlinza (Nthabamhlophe), Tsepe Thabang (Matatiele), Frans Mokoena (Tweespruit) en David Mongaoto (Matatiele).



500 TON: Maurice Boki (Matatiele) en Keith Middleton (Jacobsdal) het by die 500 Ton Klub aangesluit.



1 000 TON: Tikwe Boerdery (Hoopstad) het by die 1 000 Ton Klub aangesluit en is verteenwoordig deur Salomo Ncholu, Lukas Skei en Andries Mosoeu.



KLEINBOERE: Vuyani Kama (Elliot), Victor Mahlinza (Estcourt, wenner) en Simphiwe Jalisa (Elliot) was finaliste in die kleinboere van die jaar kategorie.



BESTAANSBOERE: Die bestaansboer van die jaar is TO Mdluli (middel) saam met finaliste, Emmanual Hadebe (links) en Patrick Nxumalo (regs, albei van Estcourt).



WENNER: TO Mdluli (Bestaansboere, Boer van die Jaar) met haar prys, 'n Husqvarna TF 536 wat R25 000 werd is. By haar is Darryl Elliot (Verkoopsverteenwoordiger, Husqvarna).

Bestuur en beheer van stronkboorder

Afrika-stronkboorder, geklassifiseer onder sy Latynse benaming en wetenskaplike naam as *Busseola fusca*, of insekorde van Lepidoptera (skoenlappers) en familie van Noctuidae of uilen, is reeds vir baie dekades 'n plaag by kommersiële mielies en sorghumproduksie. Navorsing oor die lewensiklus van die Afrika-stonkboorder en moontlike beheermaatreëls het plaasgevind sedert die vroeë 1900's. Stronkboorder is inheems aan Afrika, wat hoofsaaklik op 'n hoogte van 600 meter bo seevlak 'n plaag is.

Skade

'n Hoeë besmetting in 'n mieleland kan 'n vernietigende uitwerking op 'n perfekte aangeplante gewas hê. Skade aan mieliestingels en koppe het geleidelik tot oesverliese van tot 50%, wat in sekere besproeiingsgebiede, insluitende die Kimberley produksiestreek, in die 2012 produksieseisoen aangemeld is. Die swak graangehalte van die oorblywende pitte wat geoes word van beskadigde koppe kan ook 'n negatiewe invloed op mielie inkomste hê.



Stronkboorder kan 'n vernietigende effek hê op 'n perfekte aangeplante gewas.

Skade word veroorsaak deur die ruspes, of wormfase, wat eerste aan die jong blare vreet en dan die stamme van die groeiende mielieplant binnedring. Groepunte van die stingels kan afgesny word en vrek. Dit beteken dat die jongste blare maklik afgetrek kan word. Wit blare sigbaar aan die blaredak is 'n bewys van gevorderde wormbesmetting.

Op 'n later stadium van die mielieplant se groeisiklus maak die ruspes uitgebreide tonnels in die stam wat lei tot die verlies van voedingstowwe en die stam wat heeltemal verrot.

Die produksiepotensiaal van die hele plant word dus verminder. Afhangende van die plantdatum, kan mielieplant deur twee geslagte ruspes geaffekteer word, met die eerste skade op die stingels en die tweede op die mieliestronke.

Lewensiklus

Eiers

Die motte lê eiers wat rond en plat is en sowat 1 mm in deursnee is. Groepe eiers van tussen 30 en 100 op 'n slag word onder die skedes van

die blare tussen die nuwe stingels en blare gelê. Die baie klein swart ruspes broei uit binne sowat 7 dae tot 10 dae.

Boere moet gereeld hul mielies op alle stadiums ondersoek om te soek vir die eiers onder die blare.

Ruspes

Die ruspes kruip dan tot in die blaartregter nadat hulle uitgebroei het, waar hulle vreet vir twee tot drie dae.

Boere sien gewoonlik die klein simptomatiese gate in reguit lyne op die blare as die eerste waarskuwing dat 'n infestasie plaasgevind het. Meer uitgebreide skade word deur die voorkoms van groter "vensters" op die blare veroorsaak, omdat die ruspes meer van die blaaroppervlak vreet.

Die wurms kan dan migrer na ander mielies, of tonnels in die stam maak, waar hulle binne die stingels vreet en groei vir twee tot drie weke. Na volwassenheid, is daar 'n gat aan die kant van die mielieplant stam waarna die wurms die papiestadium begin. Die papiestadium is die volgende fase waarin die ruspes 'n biologiese verandering ondergaan om 'n papie te vorm wat op sy beurt ontwikkel in 'n mot. Dar word geen sagte, beskermende kokon gevorm soos gewoonlik vir ander motte en skoenlappers nie.

Hierdie onvolwasse tydperk is gewoonlik sowat 35 dae onder gunstige toestande, maar in droë en/of koue toestande gaan die ruspes 'n rustydperk van ses maande of langer in die stamme, stoppels en ander plantreste in. Met die aanvang van die eerste lentereg ontwikkel die papies in die stingels.

Na 7 tot 14 dae kom volwasse motte met 'n 25 mm vlerkspan te voorskyn uit die papies, kom uit die stam en begin vlieg, hoofsaaklik in die nag, op ongeveer 60 cm van die grond af. Die motte word selde gesien gedurende die dag.

Motte

Nadat die manlike en vroulike motte gepaar het, word 'n ander lewensiklus herhaal wanneer die volwasse wyfie eiers lê op geskikte plante.

Beheer en bestuur van die probleem

Soos die meeste chemiese konsultante sal getuig, is daar min wat gedoen kan word wanneer die larwas die stam binnegedring het. Die meer kragtige insekdoders wat 'n sistemiese werkking het wat werk deur die plant soos dit groei, het amptelik onttrek van die mark in die belang



van die bevordering van 'n veiliger ekologiese omgewing.

Boere moet staatmaak op bespuiting met een van die talle kommersiële piretroïed plant chemikalië wat die vroeë larwale stadium van die stronkboorder kan dood. Piretroïed chemikalië is veilig vir die omgewing wanneer dit toegebruik word. Behandelings wat algehele bespuiting insluit, of deur die piretrum mengsel in die mielieblaar tregter af te gooi, is regtig net gedeeltelik doeltreffend en slegs effektiel wanneer die klein larwes sigbaar is op die geruite blaar stadium.

Beheer van die plaag by besproeiingsmielies was suksesvol met die toediening van kommersiële piretroïed chemikalië elke tien dae deur die spilpunt besproeingstelsel. Raadpleeg jou chemiese konsultant vir verdere inligting.

Die voorkoms van die vlug van die mieliestronkboorder motte kan ook gemonitor word deur die gebruik van spesiaal ontwerpte feroonlokkvalle wat die motte in die nag lok. Die strikke kan nagegaan word en die konsentrasie motte wat vasgevang is, sal 'n aanduiding wees wanneer enige larwes kan ontwikkel.

Langtermyn voorkomende maatreëls

Die enigste antwoord om die impak op die gewas te verminder, moet kom van ander bestuur of beheer strategieë. Dit sal insluit kulturele prakteke wat die klem plaas op behoorlike wisselbou; verbetering van die grond en grondvrugbaarheid (omdat 'n sterk en gesonde plante insekskade kan weerstaan); keuse van bestande kultivars of GM-mielies (trans generiese kultivars), wat indien versigtig bestuur word, die mieliestronkboorder probleem kan beperk.

Omdat die motte op mieliereste oorwinter, sal enige bestuurspraktyk wat die vermindering of vernietiging van mieliestoppels verseker, die waarskynlikheid van larwes wat oorwinter, verminder. Dit is veral belangrik by droëland of besproeiingsgebiede waar mielies deurlopend geproduseer word onder monokultuur.

Deur mieliereste fyn te kap, asook die sny en ploeg, of brand, soos beoefen word by wisselboustelsels van besproeiingsmielies met koring, kan die oordrag van die larwes na die volgende seisoen byna uitskakel. Mieliereste kan gebaal word en gevoer word aan vee, of in kompos omgesit word en weer op die land gestrooi word. Elke boer moet bepaal watter maatreëls sal werk, of volhoubaar is en inlyn met die verbetering, beskerming en die instandhouding van ons grond. Die toepassing van behoorlike bewaringsbewerking tegnieke kan hierdie maatreëls onprakties maak om te implementeer.

Die verantwoordelike gebruik van GM-mieliekultivars

Die Bt trans generiese, of insekbestande mieliekultivars is na Suid-Afrika ingevoer in 1997 en is wyd aanvaar deur beide droëland en besproeiings mielieboere. Die eerste generasie van hierdie kultivars was baie bestand teen stronkboorder besmetting gedurende die eerste paar jaar met geen verlies aan opbrengs sigbaar nie. Die gebruik van GM-kultivars is byna 100% in sekere produksie-areas.

Gedurende 2007 is die eerste weerstand teen stronkboorder in Bt-mielies aangemeld nie en die situasie het sedertdien verswak.

Wanneer die boer BT Mielies gebruik, moet hy plantareas van tussen 5% en 10% van die totale area, met normale mielies aanplant, in stroke tussen die BT mielies. Byvoorbeeld, agt rye normale mielies moet geplant word elke 200 meter, wat begin met 'n strook aan die kant van die land.

Die nie-GM mielies word normaalweg besmet met stronkboorder, maar almal oorleef. Aan die ander kant sal 'n paar van die miljoene larwes wat GM-mielies besmet, nie vrek nie en oorleef om weer die volgende jaar se GM-mielies te besmet. Hierdie metode vertraag net die opbou van Stronkboorders wat nie meer beheer word deur Bt-mieliekultivars nie.

Dit is vir alle boere noodsaaklik om te voldoen aan die regulasies wat saam met die verantwoordelike gebruik van GM-mielie kultivars gaan, omdat dit 'n baie belangrike instrument is om gebruik te word teen toekomstige stronkboorderbesmetting en groot kommersiële verlies. Die ontwikkeling van nuwe GM-mieliekultivars wat weerstand teen stronkboorder bied, is 'n lang en baie duur proses.

Opsomming

Stronkboorder kan nooit heeltemal uitgeskakel word nie, maar die boer kan die vermindering van die voorkoms van die siekte en die verlies aan inkomste bestuur deur die gebruik van 'n verskeidenheid beproefde metodes binne die beperkinge van 'n verantwoordelike holistiese langtermyn vooruitsig.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

Wat is die Wintergraantrust?

Tydens die uitfaseringproses van die landboubeheerraade, het die wintergraanbedryf die behoefté geïdentifiseer om sekere funksies wat deur die Koringraad uitgevoer is, voort te sit na die ontbinding daarvan.

Die funksies wat vir voortsetting geïdentifiseer is, was die voorsiening van inligting, laboratoriumdienste en finansiële ondersteuning aan navorsingsprojekte.

Die wintergraanbedryf het besluit om twee afsonderlike trusts, die Wintergraan Algemene Trust en die Wintergraan Navorsingtrust tot stand te bring. Die doelwitte van die Wintergraan Algemene trust was "die instandhouding van inligting wat vereis word deur die bedryf" en die verbreding van die mark vir Suid-Afrikaans geproduceerde wintergraan. Die doel van die Wintergraantrust was om navorsing met betrekking tot wintergraan in Suid-Afrika te onderneem en/of te ondersteun.

Die twee trusts is gestig in 1997, dieselfde jaar waarin die Koringraad opgehou het met sy aktiwiteite as 'n landboubeheerraad.

Omdat die Koringraad nie buitensporige fondse gehad het wat aan die trusts oorgedra kon word nie, het die bedryf die Minister van Landbou versoek om statutêre heffings op te lê op koring, gars, hawer en durum, (die heffing op durum is in 2010 beëindig) om die funksies soos beskryf in die doelwitte van die trusts, te finansier.

In 2000 het die raad van trustees van die twee trusts besluit om die twee trusts te amalgameer en met sekere wysigings aan die oorspronklike Trustakte van die Wintergraan Navorsingtrust, is die Wintergraantrust gestig.

Die verantwoordelikhede van die Wintergraantrust

Die Wintergraantrust is aangestel deur die Minister van Landbou om die statutêre heffing op wintergraan te administreer. Die administrasie van die heffing moet gedoen word binne die doelstelings van die Trust en die bepalings wat deur die Minister gedoen is met die goedkeuring van die heffing.

Een van die bepalings wat deur die Minister vasgestel is, is dat 20% van die fondse wat deur middel van die heffings ingesamel is, aangewend moet word vir transformasie doelendes.

Die Raad van Trustees van die Wintergraantrust behou jaarliks 20% van die heffingsfondse wat ingesamel is, vir transformasie.

Samestelling van die Raad van Trustees

Die samestelling van die Raad van Trustees word voorgeskryf in die Trustakte en maak voorsiening vir die volgende verteenwoordiging:

- Produsente van koring – 1;
 - Produsente van gars – 1;
 - Graanhanteerders (silo eienaars) – 1;
 - Produsente van koring, gars en hawer – 1;
 - Bakkers – 1;
 - Verbruikers – 1;
 - Minister van Landbou, Bosbou en Visserye – 6.
- Die akte van die Trust bepaal uitdruklik dat een van die ministeriële verteenwoordigers genoem moet word deur 'n organisasie vir opkomende boere.

Bydrae tot die Ontwikkelingsprogram vir boere

Die Wintergraantrust het bygedra tot die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere sedert 2008. Die bydrae was slegs in die vorm van direkte finansiële ondersteuning en die Trust is nie fisies betrokke by die program nie, alhoewel 'n spesiale werkgroep jaarliks die vordering en uitkomste van die program evaluateer. Tot op hede is R5 146 595 bygedra. Die jaarlikse bydrae het aansienlik toegeneem sedert die uitbreiding van die Ontwikkelingsprogram die Wes- en Suid-Kaap ingesluit het.

Belangrikheid van die ontwikkeling van boere

Die wintergraanbedryf is verbind daartoe om die ontwikkeling van boere te ondersteun met die fokus op die ontwikkeling van die boere wat die potensiaal het om volhoubare kommersiële boere te word wat kan bydra tot voedselsekuriteit in SA.


Boodskap aan ontwikkelende boere

Wees betrokke by georganiseerde landboustrukture om sodoende te deel in gevinstige kommersiële boere se ervaring en die volle voordele van nuwe tegnologie en navorsing te ervaar.

**Artikel versaf deur Awie Coetze,
Wintergraantrust Administrateur
en Ishmael Tshiamé, Wintergraantrust
Senior Beämpte, Administrasie.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
awie.coetze@wctrust.co.za of
ishmael.tshiamé@wctrust.co.za.**



Ishmael Tshiamé



Awie Coetze

Suksesvolle dae vir boere gehou in die Wes-Kaap

Twee baie opwindende en inspirerende boeredae is in die Wes-Kaap op 2 en 3 Oktober 2013 gehou. Die eerste boeredag is gehou in Moorreesburg op die Langgewens Proefplaas en die ander in Suurbraak op Alan Jetha se plaas.

Die twee dae was 'n reuse sukses en baie van ons ontwikkelende boere, insetverskaffers en amptenare van die Departement van Landbou, het dit bygewoon.

Die hoofdoel van boeredae soos hierdie is om julle, ons ontwikkelende boere, die geleentheid te gee om netwerke met insetverskaffers en nywerheidsrolspelers binne jou area te bou. Tydens hierdie twee dae is inligting aangebied deur die Departement van Landbou oor die korrekte prosedure by die aansoek om fondse by die Graan CPAC. Verteenwoordigers van die plaaslike koöperasies in elke gebied is ook genooi om inligting te deel, maar ook om die ondersteuningstrukture wat hulle beskikbaar het vir ontwikkelende boere, te kommunikeer.

Baie van ons ontwikkelende boere in die Wes-Kaap ontvang steun van die Departement van Landbou, wat goed is om te help om ons boere op hul voete te kry. Skenkings is egter nie volhoubaar nie en dit is baie belangrik dat boere begin om vooruit te beplan oor hoe hulle hulself sal ondersteun in die toekoms. Om hierdie rede is verteenwoordigers van die Landbank genooi om aan ons boere inligting te gee oor leningsopslies wat beskikbaar is. Proewe op die plaas is geplant deur Wilmar Adams van die Suurbraak graanboere Koöperatief wat ook besoek en bespreek is op 3 Oktober.

Ons wil graag al die deelnemers bedank vir hul bywoning en aktiewe betrokkenheid en glo dat hierdie boeredae die weg gebaan het vir 'n langtermyn verhouding tussen ons ontwikkelende boere en die bedryfsrolspelers.

**Artikel verskaf deur Liana Stroebel,
Koördineerde, Wes-Kaap
Ontwikkelingsprogram vir Boere.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na liana@grainsa.co.za.**

Pieter van Wyk ('n boer van Slangrivier, Suurbraak), links en Solomon Tshongweni (Departement Landbou, Grondsake, Assistent-offisier, Swellendam) bespreek die proewe op die plaas.



Bestuursfaktore vir koring om te oorweeg in Desember

Die belangrikste faktore vir koringboere om te oorweeg gedurende Desember 2013, sluit in die insameling, stoor en optimale bemarking van die koringoes.

Wes-Kaapse koringboere, afhangende van die reënval wat gedurende die einde van Oktober, of November ontvang is, sal konsentreer op die finale besluit oor die bemarking van die koringoes. Weerstoestande sal ook die gehalte van die graan geoes, bepaal.

Produksieoorsig

Die oppervlakte aangeplant onder koring in 2012 word geraam op 511 200 hektaar met 'n

finale gemiddelde opbrengs per hektaar van 3,75 ton/ha. Soos gesien kan word in **Tabel 1**, word koring nog steeds in elke provinsie in Suid-Afrika geproduseer. Die Wes-Kaap op 46% van die totale produksie, bied verreweg die grootste gedeelte van die koring in Suid-Afrika. Alhoewel daar 'n afname in die Wes-Kaap is vanaf ongeveer 340 000 ton in 2008 tot ongeveer 272 000 ton in 2012, toon produksietendense dat dit blyk asof produksie gestabiliseer het op ongeveer 280 000 ton. 'n Mens kan aflei dat koringboere in die Wes-Kaap steeds vind dat dit 'n winsgewende gewas is om te produseer binne die algemene gewasbeplanning in hierdie gebied.

Die totale oppervlakte onder besproeiingskoring is tans sowat 146 500 hektaar. Die hoë gemiddelde opbrengs aangedui vir die Noord-Kaap en ook ander gebiede weerspieël die opbrengs gerealiseer met die aanplant van koring onder besproeiing. Die Vrystaat se gemiddelde opbrengs sluit besproeiing in en is nie 'n weerspieëling van die werklike droëlandopbrengs gerealiseer gedurende 'n reënvalseisoen met baie gemengde patronen van hoë en lae reënval nie. Die statistieke dui op 'n gemiddelde droëlandopbrengs van sowat 2 ton vir die Vrystaat Provincie. Hierdie opbrengs toon egter 'n groot verskil tussen die sentrale en oostelike Vrystaat.



Foto 1 - 3: Beplanning vir die volgende oes begin sodra die vorige oes gestroop is.



Die skattings van die areas wat "beplan" was om aan te plant, sal egter gedurende Desember bepaal word met die oes van werklike oppervlaktes aangeplant.

Markfaktore

Koring termynmarkte aangedui op Safex vir B1 graad koring, wys baie min variasie in prys vir lewering in Oktober en Desember 2013 wat wissel tussen R3 460 tot R3 475 per ton gelewer. Maart termynkontrak word aangedui op ongeveer R3 544 per ton. Daar is dus min aansporing met inagneming van die stoorkoste van November tot Maart vir die terughou van die verkoop van die huidige oes. Stoorkoste word geskat op 0,71 sent per ton/dag. Meer as 120 dae kan neerkom op R85 per ton plus rente teen die Oktober termynmarkprys van 6,5% per jaar en beloop dan sowat R150 per ton. 'n Termynkontrak prys van R3 695 sal aangedui moet word om die terughou van die verkoop van jou oes in Maart te regverdig.

Hou in gedagte dat 'n B2 graad oor die R135 per ton laer sal wees en 'n B3 graad omtrent R270 laer as die Safex gekwoteerde prysse.

Vervoerdifferensiale

Die meeste boere gebruik waarskynlik die dienste wat deur hul koöperasies voorsien word om die bemarking van hul koring op die termynbeurs te verskans. As gevolg van finansiële verpligte teenoor koöperasies en ander finansiële instellings, sal koringboere gewoonlik die plaaslike "spot" prys aanvaar wat aangebied word. Maak seker dat jy bewus is van die vervoerdifferensiaal wat van die gekwoteerde Safex prys afgetrek word. Die Wes-Kaap het nou sy eie differensiaal stelsel wat gebaseer is op leweringe in die Paarl en nie Randfontein nie. Hierdie verskille kan wissel van R61 tot R239 per ton in die Wes-Kaap. Die afstand van die produsent van Randfontein is die verwysingspunt vir die differensiaal berekening vir ander produsente en kan wissel tussen R110 tot R560 per ton. Hierdie verskille kan vir jou area en die naaste silo op die Safex webwerf gesien word.

Wanneer die verskille afgetrek word van die loko prys van koring, kan die netto bedrag wat in die boer se sak gerealiseer word, wissel tus-

sen R3 483 en R 2 984 per ton. Op die gemiddelde opbrengste gerealiseer in die Wes-Kaap byvoorbeeld, beteken dit 'n bruto inkomste van tussen R10 675 en R11 320 per hektaar.

Gedetailleerde beplanning met betrekking tot waar en wanneer jy jou gewas verkoop, is van kritieke belang vir die winsgewendheid van jou gewas.

Opsomming

'n Koringboer moet produksietendense bestudeer en versigtig skat wat die waarskynlike opbrengs is wat onder hul eie boerdery-toestande behaal kan word. Beplanning vir die aanplant van die volgende oes begin sodra die vorige gewas geoes word. Die geprojekteerde toekomstige prys minus die vervoer, sal aandui of die volgende koringoes winsgewend sal wees. ☺

Artikel verskaf deur 'n afgetreden boer.

Tabel 1: Koringproduksiedinamika in Suid-Afrika.

Koringproduksiedinamika in Suid-Afrika 2012 en 2013						
Item	Provinsie	Beplanning vir aanplantings in 2013 in hektaar	Area aangeplant in 2012 in hektaar	Finale skattings – ton	Gemiddelde opbrengs in ton per hektaar	Produksie % van totaal
1	Wes-Kaap	285 000	272 000	884 000	3,25	46,15%
2	Noord-Kaap	43 000	42 000	289 800	6,90	15,13%
3	Vrystaat	125 000	130 000	377 000	2,90	19,68%
4	Oos-Kaap	4 000	4 500	20 700	4,60	1,08%
5	KwaZulu-Natal	6 600	6 500	33 800	5,20	1,76%
6	Mpumalanga	4 500	4 700	27 260	5,80	1,42%
7	Limpopo	27 000	30 000	159 000	5,30	8,30%
8	Gauteng	1 500	1 500	9 750	6,50	0,51%
9	Noordwes	20 000	20 000	114 000	5,70	5,95%
		516 600	511 200	1 915 310	3,75	100,00%

Nota: Aangepas vanaf SAGIS-statistieke van die April 2013 oesskatting.

Die gebruik van na-opkoms onkruiddoder vir onkruidebeheer

Dit kan 'n baie moeilike taak wees wanneer dit kom by die keuse van chemikalieë om onkruid op die land doeltreffend te beheer. Daar is so baie produkte wat vandag beskikbaar is en wat almal 'n verskillende effek en impak op ons grond en die omliggende omgewing het. Dit is dus baie belangrik om verstandig te wees in die soeke na die korrekte advies ten einde die beste moontlike resultate te verkry, met die minste moontlike negatiewe impak.

Een van die groot besluite wat gemaak moet word, is, óf voor, óf na-opkoms onkruiddoders gebruik gaan word. Beide van hierdie word op verskillende stadiumse van die groeitydperk van die onkruid gebruik soos die name aandui; voordat die onkruid opgekom het (die voorkoming van ontkieming), of nadat hulle opgekom het. Daar kan voordele wees vir beide, maar die uiteindelike beslissende faktor is: Wat sal die beste inpas by jou onkruidebeheer program? In hierdie artikel sal ons spesifiek kyk na na-opkoms onkruidebeheer.

Wat is 'n na-opkoms onkruiddoder?

Na-opkoms onkruiddoders is chemikalieë wat onkruid laat vrek nadat hulle die grondoppervlak bereik het en begin groei. Indien hierdie chemikalieë toegedien word voordat die onkruid opgekom het, sal hulle min of geen effek hê. Die meeste groeiseisoene sal verskeie toedienings van na-opkoms onkruiddoders vereis. Daar is verskillende soorte na-opkoms onkruiddoders beskikbaar op die mark vandag. Hulle almal werk anders in die wyse waarop hulle die onkruid dood en sommige kan ook wissel in die metode waarmee hulle toegedien moet word. Hier is die mees algemene soorte:

Sistemiese na-opkoms onkruiddoders

Hierdie onkruiddoders word deur die plant absorbeer en dring die wortelstelsel binne. Hulle word gewoonlik gebruik word by die beheer van meerjarige onkruid en werk die beste wanneer die onkruid steeds aktief groei.

Kontak na-opkoms onkruiddoders

Hierdie soort onkruiddoder sal slegs die gedeelte van die plant waarmee dit in aanraking kom, laat vrek. Hulle word gebruik om klein eenjarige onkruid te beheer en vereis 'n goeie toediening wat 'n goeie bedekking van die chemiese middel sal gee.

Selektiewe na-opkoms onkruiddoders

Hierdie soort onkruiddoder sal spesifieke plante dood, dit is byvoorbeeld wanneer ons al die grastippe onkruid wil dood, maar nie die breëblaar tipes nie.

Nie-selektiewe na-opkoms onkruiddoders

Roundup is besig om die mees algemene nie-selektiewe onkruiddoder te word, omdat dit enige plant waarmee dit in aanraking kom, dood. Maak seker dat jou mielies "Roundup Ready" is, of anders sal dit ook vrek.

Onthou

Dit is baie belangrik om goed ingelig te wees oor die onkruiddoder wat jy toedien. Vra jou chemiese verteenwoordiger soveel vrae as moontlik voor jy voortgaan met die spuit van chemiese middels.

- Vind uit wat die tempo van die toediening is;
- Vind uit wat die beste tyd is vir toediening;
- Vind uit van moontlike newe-effekte;
- Vind uit oor die droog word tydperk om die beste resultate te kry;
- Vind uit oor vorige proewe en resultate; en
- Kom in kontak met ander kiente vir 'n verwysing.

Om swak ingelig te wees, kan uiteindelik lei tot groot kostes. Daar was die geval van 'n boer in KwaZulu-Natal wat gebruik kan word as 'n voorbeeld. Hy het normale mielies, sowel as Roundup Ready mielies, op dieselfde land geplant en toe die fout gemaak om Roundup onkruiddoder op die hele mieliland te spuit. Die land het 'n paar groen plante gehad, die res was almal dood. Pas op om nie dieselfde fout te maak as gevolg van nalatigheid nie. Die chemiese verteenwoordiger is daar om te help en jou in te lig, dit is sy werk en ons moet daarvan gebruik maak. Baie boere is te trots om vrea te vra, moet jy nie wees nie!

Toediening van onkruiddoders

- Om die beste resultate te verkry, word dit aanbeveel dat onkruiddoders op 'n stil dag toegedien word wanneer wind nie jou bespuiting sal belemmer nie. Die meeste na-opkoms onkruiddoders is mees effektiwé wanneer dit op 'n sonnige dag toegedien word, sodat dit tyd het om geabsorbeer te word.
- Baie versigtig! Dit is chemikalieë en kan potensieel gevaelik wees vir die mens, hanteer dit met sorg. Dra altyd beskermende handskoene en 'n respiratoriese masker tydens die hantering van chemikalieë. Lees en volg die aanwysings op die etiket van die onkruiddoder korrek was altyd jou hande na gebruik! Dit is noodsaklik dat ons 'n onkruidebeheer ontwikkel wat deurlopend, veilig en doeltreffend in alle opsigte is. Na-opkoms onkruiddoders kan 'n goeie insluiting in ons beplanning strategie wees as gevolg van die doeltreffendheid op gevestigde onkruid op ons lande. ☺

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na gavmat@gmail.com.**

Sluit die instandhouding van masjinerie by jou roetine in

En van die belangrikste aspekte in ons boerdery is die instandhouding van ons masjinerie. Ons vergeet dikwels daarvan of stel dit uit vir 'n "reënerige dag", wat ongelukkig min is en deesdae ver uitmekaar is. Ons hoop dat dit sal verander!

Ons kan egter nie bekostig om hierdie werk te verwaarloos met inagneming van die groot kapitale uitleg wat ons maak om hierdie toerusting aan te skaf in die eerste plek nie. Die beste praktyk wanneer dit kom by instandhouding is roetine, roetine en nogmaals roetine!

Boerdery masjinerie en implemente bestaan uit baie ingewikkelde dele, dele wat skuif, tol, draai, knak en skud. Dit veroorsaak slytasie en vereis daarom roetine onderhoud om hulle sonder 'n haakplek te laat werk. Daar is niks meer frustrerend as om te staan in die middel van 'n besige plant- of oestyd as gevolg van ons versuum na ons masjinerie en implemente om te sien nie. Dit kos ons ook gewoonlik baie meer geld as wanneer ons dit net voor die seisoen sou gediens het.

In die aanloop tot die plantseisoen moet ons gedissiplineer wees met die beplanning van ons instandhoudingskede. Hier is 'n paar belangrike riglyne:

- Identifiseer prioriteit masjinerie, dit is dié wat die hardste werk;
- Begin by die masjinerie wat die hardste werk en diens hulle volledig voordat met die volgende werk begin word;
- Identifiseer die dele op elke masjien of implement wat die meeste druk moet hanteer, soos laers en bande en kry reg soos hulle behoort te funksioneer;
- Sodra jy dink dat jy klaar is, is dit belangrik om vir oulaas weer te kyk na alles, want dikwels vind ons dat ons vergeet het om ietsie klein vas te draai of te vervang;
- Nou kan jy die masjien wat gediens is uitstoot uit jou werkarea en iewers parkeer waar dit gereed is om te hak en te begin werk.

Terwyl die toerusting gebruik word, kan ons steeds nie bekostig om dit te misbruik nie. Ons moet die regte sorg en aandag aan hulle gee te alle tye. Gewoonlik is die beste manier van roetine om die implement vooraf te toets. Dit is ook noodsaaklik dat jy hierdie roetine by jou werkers inskerp. Maak dit 'n reël dat voordat enige trek-

ker of implement land toe gaan, die volgende moet gebeur:

- Alles moet vol brandstof wees;
- Alles moet gesmeer wees;
- Bande moet gekontroleer wees;
- Olie moet nagesien wees; en
- Alle bewegende dele moet in die rondte getol word.

Hierdie kontroles kan heel moontlik verhoed dat jy opgehou word, wat meer dikwels op die slegste moontlike tyd gebeur. Jy moet dus nie agterlosig daarmee wees nie, wees eerder proaktief en bespaar tyd en geld oor die lang termyn.

Dit stop egter nie net daar nie. Ons kan nie regdeur die seisoen stiptelik wees en dan alles los wanneer alle gewasse in die grond, óf af van die grond is nie. Onthou dat instandhouding deurlopend gedoen moet word!

Wenke

Hier is 'n paar wenke oor hoe jy jou masjinerie kan versorg voordat jy hulle vir 'n ruk bêre.

- Eerstens kan alles goed gewas word om ontslae te raak van al die stof en grond.
- Na die was, kan alle ploeë en snyskottels liggies met ou olie gesmeer word om roes te voorkom.
- Laers moet goed gesmeer word en hidrouliese pyp sputtpunte toegemaak word sodat hulle beskerm is teen die elemente.
- Alle oorblywende saad in planterbakke moet verwijder word sodat dit nie in jou planter begin ontkiem nie.
- Kunsmisbakke op planters en strooiers moet ook skoongemaak word om roes te voorkom.
- Alle kettings moet nagegaan en geolie word, baie boere haal dit selfs af gedurende die seisoen en bêre dit in die stoer.
- Dieselfde kan gesê word van planterplate en vingermechanismes.
- Chemiese spuite moet met vars water skoongemaak word, sputtpunte moet skoongemaak, verwijder word en weggebêre word in die stoer.
- Laastens moet ons ná oestyd ons stropers versorg.
- Spuit masjiene af en verwijder alle oorblywende saad.
- Smeer laers en oliekettings.



1



2

Foto 1 & 2: Roetine onderhoud aan jou masjinerie is een van die belangrikste aspekte van jou boerdery.

- Indien daar ietsie klein was wat gedurende strooptyd gepla het, is dit 'n goeie idée om dit uit te sorteer voordat dit gestoor word. Boerdery kan 'n baie aangename ervaring wees wanneer dinge glad verloop, dus moet ons alles in ons vermoë doen om dit so te hou.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na gavmat@gmail.com.**

IMVULA

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 □ www.grainsa.co.za

HOOFRDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 □ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 □ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 □ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 □ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 □ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 □ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mithombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 □ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 □ Nonhlaphela Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
► 072 736 7219 □ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Vryheid)
► 082 354 5749 □ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 □ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 □ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 □ Jenilee Bunting

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 □ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 □ Cwayita Mpotyi

Toit Wessels
Wes-Kaap (Paarl)
► 082 658 6552 □ toit@grainsa.co.za

Wanneer die oes in die silo is...

In die Wes-Kaap is die somermaande in die meeste gevalle die tyd om af te skaal na 'n volle koring produksiejaar. Die meeste boere neem 'n week of twee verlof oor die Kersseisoen om te ontspan, maar dit is ook belangrike tyd om die volgende produksieseisoen te beplan.

Die belangrikheid van die beplanning van jou produksieseisoen kan nie genoeg beklemtoon word nie. Is jy seker watter gewasse jy gaan plant, watter kultivars, het jy grondmonsters geneem om ontleed te word ten einde jou kunsmisinsette te beplan?

Beplanning van jou produksieseisoen begin met jou wisselboustelsel. Jy moet uitstippel watter land watter gewas sal kry, want dit sal die hoeveelheid saad bepaal wat bestel moet word. Maak seker dat jou saad vroeg bestel word. Genoeg inligting is besikbaar om ingeligte besluite te maak oor watter kultivars die beste geskik is vir jou produksie-area.

Die volgende stap sou wees om grondmonsters te neem van al jou lande en dit te laat ontleed om die pH, suur, sowel as die makro- en mikro-element status van die grond te bepaal. Dit is belangrik om hierdie dinge te weet, aangesien dit direk verband hou met jou kunsmisbehoeftes. As jy kalk of gips moet toedien om die pH van 'n land te herstel, moet dit gedoen word voordat die produksieseisoen begin. Gebruik 'n betroubare laboratorium om die ontleding te doen en

'n betroubare bron om die kunsmisbehoeftes van die analise te bepaal.

Someronkruid beheer is ook baie belangrik. Maak seker dat jy verhoed dat onkruid jou grondvog steel. Dit mag dalk nodig wees om meer as een keer gedurende die somer te spuit.

Tydens die rustige seisoen is dit ook tyd om jou rekordhouding aan te spreek. Maak seker dat jy rekords het vir elke land op die plaas, aangesien die geskiedenis van elke land belangrik is tydens die maak van enige toekomstige besluite met betrekking tot daardie land. Maak notas gedurende die seisoen oor die voorkoms van onkruidtipes, moontlike probleme wat ervaar is, insetkoste en opbrengs. Akkurate rekordhouding kan help om jou wisselboustelsel effektiel te bestuur en help om vinnige besluite te neem indien 'n verandering nodig mag wees as gevolg van die voorkoms van 'n siekte of onkruidprobleem op 'n spesifieke land.

Die finale stap van voorbereiding is om te lees. Lees so baie en so dikwels as wat kan, maar nie enige leesstof nie. Lees materiaal wat voordelig vir jou boerdery sal wees, dit sal help om jou boerdery glad te laat verloop en sal jou ook voorsien van nuwe idees en waardevolle kennis. ☺

**Artikel verskaf deur Dr Johann Strauss,
Wetenskaplike: Volhoubare verbouingsistema,
Direktoraat Plantwetenskap, Wes-Kaap
Departement van Landbou. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na johanns@elsenburg.com.**

